DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE DIEPSEE STOKVIS-TREILVANGSVISSERY: 2005

HIERDIE BELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE ALGEMENE BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Sektorale profiel 3

3. Die proses van medium-termyn regtetoekenning 5

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte. 6

5. Tydsduur 6

6. Nuwe inkomelinge 7

7. Evaluasiekriteria 7

7.1 Uitsluitingskriteria 7

7.2 Vergelykende balanseringskriteria 9

(a) Transformasie 9
(b) Belegging in die vissery 10
(c) Prestasie 10
(d) Waardetoevoeging en ondernemingsontwikkeling 10
(e) Werksgeleenthede 11
(f) Byvangste 11
(g) Omgewingsvolhoubare praktyke 12
(h) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 12
(i) Nie-betaling van heffings 12
(j) Wetsnakoming 12

7.3 Kwantumkriteria 13

8. Geskikte vaartuie 13

9. Multi-sektorale betrokkenheid 14

10. Aansoekgelde en heffings 14

11. Bestuursmaatreëls 14

11.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van vissery 14

11.2 Konsolidasie van deelnemers 15

11.4 Vaartuie en vangspogings 16

11.5 Monopolieë 16

11.6 TTV-verhoudings – treilvangsvissery : langlynvissery 16

12. Prestasiemeting 17

13. Waarnemerprogram 17

14. Permitvoorwaardes 17

1. Inleiding

Hierdie beleid vir die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die diepsee stokvistreilvissery word uitgereik deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme (die "Minister"'). Hierdie beleid moet saamgelees word met die Algemene Beleid oor die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Visvangbeleid" of "die Algemene Beleid").

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die diepsee stokvistreilvissery uiteen te sit. Baie van hierdie oorwegings is nie nuut nie. Hulle is in die verlede deur die Minister en gedelegeerde owerhede van die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur (die "Departement") gebruik by die toekenning van regte en tot 'n mate beliggaam hierdie beleid sodanige oorwegings.

Sekere bestuursbeleidsrigtings vir die periode na die toekenning van regte verskyn ook in hierdie konsepbeleid. 'n Bestuurshandleiding vir die Diepsee Stokvis-treilvissery sal met al die regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die bestuursmetodes en -prosedures vir die vissery uitstippel.

Die Minister is voornemens om die artikel 18-magte in terme waarvan kommersiële visvangregte van die diepsee stokvistreilvissery toegeken word ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 (die "WLMH") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer. Hiedie beleid sal die gedelegeerde owerheid lei in sy besluite oor aansoeke in hierdie vissery.

2. Sektorale profiel

Sedert sy aanvang in 1890's is die bodemtreilvissery (beide aanlandig en aflandig) Suid Afrika se belangrikste vissery en vir die laaste dekade is dit verantwoordelik vir ongeveer die helfte van al die rykdom wat geskep word deur kommersiële visserye. In die 1960's het buitelandse langafstand vlote in die Suidoos Atlantiese Oseaan inbeweeg wat gely het tot die wesentlike oorontginning van bronne van bodemvis spesies langs die Suid-Afrikaanse en Namibiese kuslyne. In 1972 is die Internasionale Kommissie vir die Suidoos Atlantiese Visserye

("IKSOAV") geskep in 'n poging om die snel groeiende vissery te beheer. Dit was egter eers die verklaring van die 200 seemyl Eksklusiewe Ekonomiese Sone en die daaropvolgende uitsluiting van buitelandse vaartuie in 1978 wat Suid Afrika in staat gestel het om weer op sy visbronne aanspraak te maak en begin om die bodemvis bronne weer op te bou.

Tot 1978 was die bodemvissery grootliks ongereguleerd en deelnemers was nie beperk deur visvangperke nie. 'n Jaarlikse TTV was ingestel in 1978 en individuele kwotas die jaar daarna. Die vissery was ook amptelik verdeel tussen diepsee- en kustreilsektore. Die diepseetreil se gedeelte van die globale TTV het merkwaardig stabiel gebly en tussen 1978 en 2004 het dit gewissel tussen vlakke van 140 000 ton (1979) en 133 000 ton (2004). Die twee spesies van Kaapstokvis dra 80-90% by tot alle treilvangste op die Weskus (hoofsaaklik diepsee stokvis) en 60-80% van treilvangste op die Suidkus (hoofsaaklik vlakwater stokvis). Die balans word aangevul deur verskeie byvangste spesies, waarvan baie benut word en gemiddeld word net oor die 90% van vangste behou. Die diepsee-stokvistreilgebiede is wydverspreid op die Kaapse weskus in water dieper as 200 meter. Op die Kaapse suidkus mag treilers nie visvang in water vlakker as 110m nie of binne 20 seemyl vanaf die kus nie, watter een ook al verder is, en word daar hoofsaaklik gefokus op twee visvanggebiede.

Die Departement bestuur die diepseetreilvissery as deel van 'n "stokvis kollektief". Ingevolge die WLMH stel die Minister van Omgewingsake en Toerisme jaarliks 'n "globale" TTV vir stokvis (gekombineerd vir beide spesies). Voor die verdeling tussen die stokvisvangssektore word daar uit die globale stokvis TTV 'n reserwe opsygesit om byvangste te dek in die maasbanker vissery asook, tot en met 2004, 1000 ton vir buitelandse vissers. Huidiglik word die globale stokvis TTV (na aftrekking van die maasbanker byvangs reserwe) verdeel tussen diepseetreil, kustreil, stokvislanglyn- en stokvishandlynvisserye sonder dat die verdeling van die stokvis spesies tussen die verskillende sektore in ag geneem word. In terme van daar reëling, word 83 persent van die TTV toegeken aan die diepsee treilvissery, 6% aan die kustreilvissery en 10% word verdeel tussen stokvislanglyn en stokvishandlyn. 'n Sektorale toekenningproses wat die spesie wat in daardie sektor gevang word en die spesie se bydra tot die globale TTV, in ag neem, moet moontlik ontwikkel word ten einde ontginning van stokvis met die produktiwiteit van die twee spesies te paar.

Die diepsee stokvis-treilvissery onderhou ongeveer 8 800 regstreekse werksgeleenthede langs Suid-Afrika se wes- en suid-oostelike Kaapse kus. Van hierdie werksgeleenthede word 90%

gevul deur persone uit histories benadeelde gemeenskappe, terwyl vroue 40% vul. Werksomstandighede in die diepsee stokvis-treilvissery word beskou as beter as dit wat tans bestaan in meeste ander visserye. Die meerderheid van die werknemers word op voltydse, jaar-uit basis in diens geneem met vasgestelde salarisse en indiensnemingsvoordele. Die gemiddelde jaarlikse inkomste van die bemanning (insluitende kapteine) is R63 000 per jaar. Sekere van die groter diepsee treilvisvangmaatskappye is geregistreer by die "Trots Suid-Afrikaans" veldtog.

Die diepsee stokvis-treilvissery is 'n uiters kapitaal-intensiewe vissery. Bestaande deelnemers het aansienlike beleggings in vaartuie sowel as prosesserings- en bemarkingsinfrastruktuur gemaak. Die totale waarde van bates in die vissery word op meer as R2,2 biljoen geskat. Die markwaarde van die jaarliks gelande vangste is ongeveer R2 biljoen teen huidige markpryse. Hoewel vaartuie so klein as 30 meter lank in die vissery werksaam is, is 66 persent van diepsee treilers tussen 45 en 50 meter lank. Visvangtogte op see duur van minder as 'n week tot meer as 30 dae.

3. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

In 1992 het die vyf grootste maatskappye in die vissery 92 persent van die TTV gehou. In 2004 het die vyf grootste maatskappye, minder as 75 persent van die stokvisbronne gedeel. In 1992 was die kleinste kwota 50 ton en die grootste 53 000 ton. Tien jaar later is die kleinste kwota 336 ton en die grootste 45 000 ton. Die verskil tussen die kleinste en die grootste toekennings raak kleiner.

Die "interne" transformasie van die tradisionele maatskappye en die toetrede van maatskappye in swart besit en onder swart bestuur sedert 1992 het gelei tot 'n aansienlik verbeterde transformasieprofiel in hierdie vissery. Die medium-termyn toekenningsrekords dui daarop dat:

- 74 persent van die huidige deelnemers in swart besit en onder swart bestuur is:
- 42 persent is klein of medium grote ondernemings;
- 25 persent van die TTV word deur maatskappye in swart besit gehou (in 1992, was dit nul persent).

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte.

Die Suid-Afrikaanse diepsee stokvis-treilvissery is die enigste stokvis-vissery in die wêreld waaraan die gesogte ***Marine Stewardship Council***-sertifikaat (www.msc.org) toegeken is. Die MSC-sertifikaat is 'n merk van goedkeuring wat aandui dat visprodukte uit 'n volhoubare en verantwoordelik-bestuurde vissery afkomstig is.

Om die internasionale beeld van die Suid-Afrikaanse diepsee stokvis-treilvissery in stand te hou en te ontwikkel, sal daar ag geslaan word op Suid-Afrika se verpligtinge op nasionale, streeks- en internasionale vlakke wanneer visvangregte toegeken word. Onder hierdie verpligtinge tel die behoefte om die langtermyn volhoubare gebruik van stokvisvoorraad te verseker en om al die erkende impakte van treilvisserye op die mariene ekosisteem te bestuur. Dit sluit in maatreëls in wat byvangste bestuur, voorkom en verminder.

Ander, ewe belangrike, oorkoepelende doelwitte by die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is om:

- Die transformasieprofiel van die diepsee stokvis-treilvissery merkbaar te verbeter deur swart eienaarksap van die TTV te vermeerder en deur die TTV te herverdeel ten einde regtehouers met kleiner allokasies in hierdie vissery, wat getransformeer is en goed presteer het, te ondersteun;
- 'n Omgewing te skep wat belegging aanlok en werkskepping stimuleer; en
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid en omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te ondersteun.

5. Tydsduur

Met inagneming van -

- die transformasieprofiel van die vissery;
- die kapitaal-intensiteit van die vissery;
- die feit dat deel van die diepsee treilervloot verouderd is en vervang moet word;

- die behoefte om ekonomiese stabiliteit in stand te hou en internasionale mededingingheid van die vissery te verhoog;
- die feit dat hierdie vissery MSC gesertifiseer is; en
- die feit dat die diepsee stokvisbron goed bestuur word ingevolge betroubare en huidige data,

sal kommersiële visvangregte vir 'n tydperk van 15 jaar toegeken word (1 Januarie 2006 tot 31 Desember 2020). Die Departement sal gereeld regtehouers evalueer teen voorafbepaalde prestasiekriteria (sien paragraaf 12 hier onder).

6. Nuwe inkomelinge

Die diepsee stokvis-treilvissery is tans oor-onderskryf met 53 deelnemers. Die huidige vangsvlakke is hersien en 'n konserwatiewe bestuursplan is oor die afgelope drie jaar geimplementeer. Die TTV is verminder en verdere afnames mag nodig wees in die nabye toekoms. Nuwe inkomelinge kan toegelaat word, maar die totale aantal deelnemers in hierdie vissery sal nie vermeerder word nie.

7. Evaluasiekriteria

All aansoeke sal volgens 'n stel "uitsluitingskriteria" gesif word. Nuwe aansoekers en bestaande regtehouers wat aansoek doen sal daarna apart evalueer word in terme van 'n stel gelaaide "vergelykende balanseringskriteria". 'n Afsnypunt of rangorde sal dan bepaal word om die suksesvolle aansoekers te bepaal. 'n Gedeelte van die TTV sal dan aan elke suksesvolle aansoeker toegeken word in terme van 'n stel "kwantumkriteria".

7.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe vir die kriteria beskryf in die algemene beleid aangaande die indiening van die aansoeke en wesenlike tekortkominge, sal die gedelegeerde owerheid aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) Vorm van aansoeker: Slegs aansoeke van entiteite geïnkorporeer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984 en die

Maatskappyewet 61 van 1973 sal in aanmerking kom. Regte sal nie toegeken word aan natuurlike persone (d.w.s. individue of eenmansake) nie. Natuurlike persone wat bestaande regtehouers is moet aansoek doen in die vorm van ‘n beslote korporasie of maatskappy en sal as medium termyn regtehouers behandel word indien hulle aan die riglyne uiteengesit in die Algemene Beleid voldoen.

(b) **Wetsnakoming:** Indien ‘n regtehouer aansoeker of sy lede, direkteure of beherende aandeelhouers skuldig bevind is aan ’n misdryf ingevolge die WLMH nie, sal ‘n reg nie aan die aansoeker toegeken word nie. Dit sluit nie die betaling van ‘n skulderkenningsboete in nie. Regte sal ook nie toegeken word aan ‘n regtehouer-aansoeker indien die aansoeker of sy lede, direkteure of beherende aandeelhouers se visvangregte gekanselleer, opgeskort of ingetrek is ingevolge die WLMH of daar op hul bates beslag gelê is in terme van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1998 of die WLMH nie.

Besluite kan gereserveer word oor die aansoeke van regte-houers wat ondersoek word vir oortredings van die WLMH. ‘n Besluit oor so ‘n aansoek sal geneem word na afhandeling van die ondersoek.

Die Departement vereis dat elke regtehouer ’n heffing betaal op die geteikende vis wat geland word. Regte houers wat vangste onder-gerapporteer het ten einde, *inter alia,* die betaling van heffings te vermy sal uitgesluit word. Regtehouers wat nie heffings betaal het nie sal gepenaliseer word in die vergelykende balanseringsproses soos hieronder uiteengesit. Sou sodanige aansoeker egter nietemin vir ’n reg kwalifiseer, sal ’n visvangpermit nie uitgereik word nie alvorens die uitstaande gelde aan die Departement betaal is nie.

(c) **Papier-kwotas***:* Papier-kwotas, soos gedefinieer in die Algemene Beleid, sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot 'n geskikte vaartuig***:* Aansoekers sal moet aantoon dat hulle 'n reg van toegang tot 'n geskikte vaartuig het (sien verder paragraaf 8 hieronder vir die beskrywing van 'n geskikte vaartuig).

7.2 Vergelykende balanseringskriteria

Aansoekers wat regte hou, asook potensiële nuwe inkomelinge, sal evalueer word ingevolge die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word ten einde die sterkte van elke aansoek te bepaal. Die kriteria hieronder uiteengesit moet saamgelees word met die ooreenstemmende kriteria in die Algemene beleid vir verdere detail. Dit is in besonder van toepassing op die "transformasie" kriterium.

(a) Transformasie

Een van die doelwitte met die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is om die huidige transformasievlak te verbeter. Soos in die Algemene Visvangbeleid bepaal, sal aansoekers evalueer word op grond van -

- Die persentasie swart en vroue eienaarskap en verteenwoordiging op top salarisvlakke, die direksie en senior beampte en bestuursvlakke;
- Of werknemers (anders as top salaristrekkers) voordeel trek uit 'n werknemeraandeleskema;
- Regstellende aankope;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 en die verteenwoordigheid van swart persone en vroue op die verskillende diensvlakke. Die gedelegeerde owerheid mag ook die verskil in besoldigingsvlakke tussen die hoogste en laagste betaalde werknemers in ag neem.
- Nakoming van wetgewing oor vaardigheidsontwikkeling en die bedrae spandeer op die opleiding van swart persone en deelname aan leerskap programme; en
- Korporatiewe maatskaplike belegging.

(b) Belegging in die vissery

Met betrekking tot bestaande regtehouers, sal die gedelegeerde owerheid die volgende spesifiek in aanmerking neem:

- Beleggings in geskikte vaartuie en ander vaste bates. Met betrekking tot vaartuie sal beleggings in die vorm van aandeelhouding ook in aanmerking geneem word. Regtehouer aansoekers sal nie beloon word vir die sluit van voorwaardelike koopooreenkomste nie.

- Beleggings in prosessering en bemarking. In hierdie verband mag die gedelegeerde owerheid aansoekers beloon wat in stokvisprosesseringsfabrieke en bemarkingsaktiwiteite belê het.

Wat nuwe inkomeling aansoekers betref, sal die gedelegeerde owerheid oorweging gee aan beleggings gemaak in ander sektore in die vorm van vaartuie, vaste bates, prosesserings- en bemarkingsinfrastruktuur. Daar sal van alle nuwe inkomeling aansoekers vereis word om aan te toon dat hulle die kennis, vaardigheid en kapasiteit het ten einde aan die diepsee stokvistreilvissery deel te neem.

(c) Prestasie

Regtehouers wat sonder goeie rede meer of minder as hul toekennings gevang het (met meer as 10%), sal penaliseer word. Finansiële prestasie sal gemeet word soos aangedui in die Algemene Visserybeleid.

(d) Waardetoevoeging en ondernemingsontwikkeling

Die gedelegeerde owerheid mag oorweging skenk aan ondernemingsontwikkeling en aansoekers se vermoë om waarde toe te voeg tot stokvis by wyse van prosessering.

(e) Werksgeleenthede

Die diepsee stokvis-treilervissery verskaf ongeveer 8 800 werksgeleenthede. Salarisse is gemiddeld R63 000 per jaar vir werknemers wat seevarend is.

Werkskepping en die vermeerdering van werksgeleenthede as gevolg van die toekenning van mediumtermynregte mag in ag geneem word, en in besonder aansoekers wat hulle werknemers voorsien het met–

- Voltydse werk;
- Mediese fonds en pensioen; en
- Veilige werksomstandighede.

Werksgeleenthede geskep is per tonnemaat vis toegeken gedurende die medium-termyn toekenningsproses sal beoordeel word.

(f) Byvangste

Die volume byvangste wat geland word deur deelnemers in die diepsee stokvistreilvissery bly 'n bron van kommer vir die Departement. Veral die teikening van hoë waarde byvangspesies soos koningklip (*Genypterus capensis*) en monnikvis (*Lophius vomerinus*) is besonder kommerwekkend omdat opnames daarop dui dat die huidige vangste van beide spesies bo volhoubare vlakke is. Koningklip-talrykheid aan die suidkus is veral laag.

Die Departement het die maksimum byvangsperk vir koningklip op 3000 ton per jaar vasgestel en dié van monnikevis op 7000 ton. Hierdie byvangstoegewings is op die hele stokvisvissery van toepassing. Daar sal vereis word van voornemende aansoekers om aan te toon watter byvangsmitigasie en verminderingsmaatreëls hulle in werking gestel het of in die geval van nuwe inkomeling aansoekers, in gaan investeer ten einde te verseker dat aan bogenoemde byvangsbeperkings voldoen word. Die gedelegeerde owerheid mag ook in ag neem watter maatreëls ingestel is of waarin investeer sal word ten einde die byvangste van snoek (*Thyrsites atun*) te verminder.

(g) Omgewingsvolhoubare praktyke

Dit word erken dat die gebruik van treilvangs skade aan die seebed berokken. Tot op datum is daar geen afdoende bewys van die omvang van die skade aandui wat veroorsaak word nie. Die gedelegeerde owerheid, in die toepassing van die versigtigheidsbeginsel, sal in ag neem of die aansoeker van voornemends is, of reeds-

- skade aan die seebed te verminder; en
- meer energie en brandstof doeltreffend te wees (ook van toepassing op prosesseringsfabrieke).

(h) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die gedelegeerde owerheid mag in ag neem of aansoekers, veral regte-houers met kleiner toekennings en nuwe inkomeling aansoekers, gekies het om hulle vangste te land en te prosesseer in sentrums buite die groot metropolitaanse gebiede soos Kaapstad en Port Elizabeth. Indien die gedelegeerde owerheid positiewe punte toeken aan hierdie aansoekers, mag dit nie lei tot die penalisering van groter diepsee stokvistreilvang regtehouers wat wesentlike beleggings gemaak het in prosessering- en bemarkingsfasiliteite in Kaapstad en Port Elizabeth nie.

(i) Nie-betaling van heffings

Regtehouer aansoekers sal penaliseer word as hul heffings betaalbaar aan die Departement vir 'n tydperk langer as 60 dae agterstallig is op datum van hulle aansoek.

(j) Wetsnakoming

Indien die aansoeker, sy lede of direkteure of beherende aandeelhouers skulderkenningboetes betaal het vir oortredings van die WLMH, die wet se regulasies of permitvoorwaardes sal die aansoeker penaliseer word.

7.3 Kwantumkriteria

In hierdie vissery sal die meganisme vir die toekenning van kwantum die onderwerp wees van verdere konsultasie met aansoekers nadat die aansoeke in die vissery oorweeg is en die suksesvolle aansoekers geidentifiseer is. Onderhewig aan die uitkoms van die konsultasie proses, sal die volgende drie beginsels toegepas word met betrekking tot die toekenning van kwantum.

Eerstens, die toekenning van kwantum aan suksesvolle medium-termyn regtehouers sal vasgestel word met verwysing na kwantum gehou deur regtehouers in 2005.

Tweedens, die gedelegeerde owerheid moet poog om ten minste 10% (tien persent) van die TTV te herverdeel aan regtehouers met klein toekennings, indien hierdie entiteite voldoende getransformeer is en goed presteer het gedurende die medium-termyn proses.

Derdens, en bykomend tot die bogenoemde twee beginsels, sal die gedelegeerde owerheid by magte wees om kwantum toe te ken gebaseer op kriteria wat daarop gemik is om die oogmerke van hierdie beleid te bereik, soos transformasie en prestasie. Hierdie kriteria moet ontwerp word op ‘n wyse wat moet verseker dat alle suksesvolle aansoekers, afgesien van die grote van hulle vorige toekenning, daarby kan baat vind indien hulle aan die kriteria voldoen.

8. Geskikte vaartuie

‘n Geskikte vaartuig vir die diepsee stokvistreilvissery is ‘n vaartuig wat -

- By SAMVV gesertifiseer is met ‘n minimum geregistreerde lengte van ongeveer 30 meter;
- Toegerus is om met die treilnetmetode vis te vang; en
- Toegerus is met ‘n werkende vaartuigmoniteringstelsel.

9. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die diepsee stokvistreilvissery word nie verhinder om regte in enige ander vissery in Groepe A en B vissrye te hou nie. Regtehouers in die diepsee stokvistreilvissery (insluitende hulle lede, beherende aandeelhouers en lede van hulle uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële visregte in Groepe C en D te hou nie. Dieselfde geld vir tradisionele lynvis.

10. Aansoekgelde en heffings

Die aansoekgelde vir hierdie vissery sal bepaal word met inagneming van:

- Die koste van die hele regtetoekenningsproses, met inbegrip van konsultasie, ontvangs, evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersienings; en
- Die waarde van die vis wat toegeken word oor die duur van die reg.

Die jaarlikse heffings wat met ingang 1 Januarie 2006 betaalbaar is, sal hersien word na oorlegpleging met regtehouers. Die heffings betaal sal deur die Departement gebruik word vir die mitigasie van jaarlikse kostes van bestuur, wetsnakoming en navorsing.

11. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hier onder bespreek word, weerspieël sommige van die Departement se hoofvoornemens vir die bestuur van hierdie vissery nadat regte toegeken is.

11.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van vissery

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteembenadering tot die bestuur van visserye ("EBV"). 'n Ekosisteembenadering tot visserybestuur is 'n holistiese en geïntegreerde benadering wat erken dat visvang en verwante aktiwiteite op land die breë mariene omgewing beïnvloed. Hierdie deel van die beleid vir die diepsee stokvistreilvissery, is nie daarop gerig om 'n beleidsverklaring te voorsien oor

EBV in die diepsee stokvistreilvissery nie. Die EBV in die diepsee stokvistreilvissery sal verder uitgestippel word in die Bestuurshandboek vir die Diepsee Stokvistreilvissery. Suid-Afrika bly verbind tot die teikendatum van 2010 vir die inwerkingstelling van 'n EAF in die kommersiële visserye.

11.2 Konsolidasie van deelnemers

Na die toekenning van kommersiële visvangregte vir 15 jaar in hierdie vissery, sal die Departement die konsolidasie van die aantal regtehouers wat aktief is in die vissery fasiliteer, veral waar:

- Regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan deel, of
- Kleiner regtehouers verkies om hul sakebedrywighede te konsolideer.

Die konsolidasie van regtehouers is egter onderworpe aan die Departement se benadering tot monopolieë (sien paragraaf 11.5).

11.3 Visserybestuursgebiede en mariene beskermde gebiede

Die diepsee stokvis-treilvissery teiken twee soorte stokvis langs die Kaapse wes-, suid- en suidooskus. Indien die voorgestelde Namakwalandse Mariene Beskermde Gebied verklaar word, sal die oes van stokvis effektiewelik verdeel word in drie bepaalde gebiede aangesien treilvisvangbedrywighede langs die weskus na die noorde en die suide van die MBG verdeel sal word.

Die Departement is ook van voorneme om die deel van visvangebiede deur stokvistreil- en stokvis-langlynvissers te verminder. Artikel 15 van die WLMH maak voorsiening vir die verklaring van visvangbestuursgebiede. Die Departement sal oorweeg om sodanige bestuursgebiede te verklaar in 'n poging om potensiële gebruikerskonflik tussen treilvissers en langlynvissers aan te spreek.

11.4 Vaartuie en vangspogings

Daar is tans 100 diepsee treilvaartuie in Suid-Afrikaanse waters bedrywig. Die meerderheid is ouer vaartuie wat vervang moet word. Die opgradering van die vloot mag 'n verhoging in die vangspoging tot gevolg hê. Die Departement sal die bykomende vangspoging as gevolg van verdere en nuwe vaartuie wat in die vloot ingebring word, met sorg evalueer. Regtehouers sal nie toegelaat word om vaartuie te gebruik wat in staat is om baie meer vangspoging te ontplooi as wat hulle in terme van hulle toekenning kan vang nie. Verder mag die Departement met die Bedryfsligaam van die Visvangsektor oorleg pleeg in verband met aansoeke om verdere of nuwe vaartuie in die sektor te benut.

11.5 Monopolieë

Terwyl die Departement konsolidasie van regtehouers in hierdie die vissery sal aanmoedig, is die Departement gekant teen monopolieë wat tot nadeel van die kleiner regtehouers kan werk. Die Departement is veral bekommerd dat die kleiner regtehouers in die vissery nie in staat is om die waarde van hulle toekennings ten volle te realiseer nie, vanweë hul grote. Op hierdie stadium sal die Departement nie 'n maksimum drempel van die TTV wat enige enkele regtehouer mag hou of beheer instel nie, maar sal moniteer of enige groot regtehouers op 'n wyse optree wat strydig is met billike mededingingspraktyke.

11.6 TTV-verhoudings – treilvangsvissery : langlynvissery

Die huidige TTV-verhouding van treilvissery : langlynvissery sal grotendeels behou word. Die verhouding mag egter hersien word indien verdere data oor die relatiewe impak van die onderskeie visserye beskikbaar word.

12. Prestasiemeting

Die Departement sal 'n aantal formele prestasiemetingoefeninge instel vir die duur van die kommersiële visvangregte. Daar word beoog om die prestasiemetingoefening na twee jaar uit te voer en dan elke drie jaar daarna.

Alhoewel die Departement die presiese kriteria waaraan die regtehouers na die toekenning van kommersiële visvangregte gemeet sal word sal finaliseer na die toekenning van kommersiële visvangregte, en na oorlegpleging met regtehouers, mag die volgende breë prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie, fabrieke en toerusting;
- volhoubare benutting, en in besonder die vermindering van byvangste en die vermindering van die biologiese en ekologiese impak van treilvisvangs;
- nakoming van toepaslike wette en regulasies.

Die oogmerk met prestasiemeting sal wees om te verseker dat die doelstellings van die vissery bereik word en dat bestuursmetodologie en prosedures geskik is en op datum bly.

13. Waarnemerprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om waarneming vir wetstoepassings-doeleindes in te sluit. Die Departement sal verder die dekking van waarneming van hierdie vissery progressief uitbrei. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemingsproses te dra.

14. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes sal vasgestel word na konsultasie met regtehouers in hierdie vissery en sal onderworpe wees aan hersiening soos en wanneer dit nodig mag wees.